Pharmacode position may change as per the supplier's m/c requirement

APPROVED
Samantha , 2022/11/29 ,13:58:27

LENIO P1532543

LENIO P1532543

AUROGEN

SKEDULERINGSTATUS

SUID-AFRIKA: S5

NAMIBIË: NS3

EIENDOMSNAAM (en doseervorm):
LENIO 20 mg (tablet)
LENIO 30 mg (tablet)

SAMESTELLING:
LENIO 20 mg:
Elke filmbedekte tablet bevat paroksetienhidrochloriedhemihidraat ekwivalent aan 20 mg paroksetien. Bevat suiker: 10 mg laktose.

LENIO 30 mg:
Elke filmbedekte tablet bevat paroksetienhidrochloriedhemihidraat ekwivalent aan 30 mg paroksetien. Bevat suiker: 15 mg laktose.

Die ander bestanddele in **LENIO** is anhidriese kalsiumhidrogeenfosfaat, kalsiumhidrogeenfosfaatdihidraat, magnesiumstearaat en natriumstyselglikolaat.

Die dekmateriaal vir **LENIO 20 mg** bevat hipromellose, poliëtileenglikol 400, polisorbaat 80 en titaandioksied (C.I. Nr: 77891).

Die dekmateriaal vir **LENIO 30 mg** bevat FD&C blou # 2/indigo karmienaluminiumlak (C.I. Nr: 73015). hipromellose, poliëtileenglikol 400, polisorbaat 80 en titaandioksied (C.I. Nr: 77891).

FARMAKOLOGIESE KLASSIFIKASIE:
A 1.2 Psigo-analeptika (Antidepressante)

FARMAKOLOGIESE WERKING:
Paroksetien is 'n selektiewe serotonienheropnameïnhibeerder (SSHI). Daar word geglo dat die antidepressanteffek van paroksetien verband hou met sy serotonergiese neurotransmissie.

Farmakokinetika:
Na orale toediening word paroksetien geredelik vanuit die maagdermkanaal geabsorbeer. Die absorpsie word nie deur die teenwoordigheid van voedsel, melk of teensuurmiddels beïnvloed nie. Paroksetien is hoogs proteïengebonde (95 %) en ondergaan uitgebreide eerstedeurgang-metabolisme in die lewer waar dit gedeeltelik deur sitochroom P450 2D6 (CYP2D6) gemetaboliseer word. Die metaboliete blyk klinies onaktief te wees. Die eliminasiehalfleeftyd is ongeveer 24 uur. maar daar bestaan egter 'n groot wisseling tussen indiwidue. In die meeste pasiënte word die platokonsentrasie binne 7 tot 14 dae bereik. Paroksetien word deur die niere (ongeveer 64 %) en feses (ongeveer 36 %) uitgeskei, hoofsaaklik as onaktiewe metaboliete.

INDIKASIES:
- Depressie.
- Obsessiewe kompulsiewe afwyking (OKA).
- Sosiale fobie.
- Paniekafwyking.

KONTRA-INDIKASIES:
- Hipersensitiwiteit teen paroksetien of enige van die bestanddele van **LENIO**.
- Monoamienoksidaseïnhibeerders (MAOIs): **LENIO** behoort nie in kombinasie met MAOIs binne 2 weke na die staking van behandeling mets MAOIs gebruik te word nie. MAOIs behoort nie voor twee weke na die staking van terapie met **LENIO** ingestel te word nie.
- Kinders jonger as 18 jaar oud (sien "**WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGSMAATREËLS**" en "**NEWE EFFEKTE**").
- Toediening saam met tioridasien.

WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGSMAATREËLS:
Veiligheid en effektiwiteit in kinders jonger as 18 jaar oud is nie vasgestel nie (sien "**KONTRA-INDIKASIES**" en "**NEWE EFFEKTE**").

Pasiënte met erge depressiewe afwyking, beide volwassenes en kinders, kan agteruitgang van depressie en die ontwikkeling van selfmoordidees en -gedrag ondervind, of hulle antidepressante gebruik, aldan nie. Hierdie risiko kan voortduur totdat beduidende remissie plaasvind. 'n Oorsaaklike rol van antidepressantmedikasie in die indusering van sulke gedrag is egter nie vasgestel nie. Pasiënte wat met **LENIO** behandel word behoort nietemin vir die kliniese agteruitgang van selfmoordgedagtes, veral aan die begin van 'n kursus terapie, of enige tyd wanneer daar 'n dosisverandering (toename of afname) plaasvind, dopgehou te word.

Weens die moontlikheid van ko-morbiditeit tussen erge depressiewe afwyking en ander psigiatriese en nie-psigiatriese afwykings, behoort dieselfde voorsorgsmaatreëls wanneer pasiënte met erge depressiewe afwyking behandel word, geneem te word wanneer pasiënte met ander psigiatriese en nie-psigiatriese afwyking behandel word.

Die volgende simptome is in pasiënte wat met antidepressante vir erge depressiewe afwyking, asook vir ander indikasies, beide psigiatriese en nie-psigiatries behandel word, waargeneem: angs, agitasie, paniekaanvalle, slaaploosheid, geïrriteerdheid, vyandigheid, aggressiwiteit, impulsiwiteit, akatisie, hipomanie en manie. Alhoewel 'n oorsaaklike skakel tussen die ontwikkeling van sulke simptome en die agteruitgang van depressie en/of die ontwikkeling van selfmoordimpulse nie vasgestel is nie, behoort oorweging aan die verandering van die terapeutiese regimen, insluitende die moontlike onttrekking van **LENIO**, in diegene vir wie sulke simptome erg is, 'n vinnige aanvangs het en nie deel van die pasiënt se presenterende simptome was nie, geskenk te word.

Indien daar besluit word om met die behandeling te staak, behoort die dosis van **LENIO** geleidelik verminder te word (sien "**WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGSMAATREËLS**" en "**DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS**").

LENIO behoort met sorg gebruik te word in:
- Pasiënte met 'n geskiedenis van manie.
- Pasiënte wat reeds neuroleptika ontvang, aangesien simptome van Neuroleptiese Kwaadaardige Sindroom met hierdie kombinasie kan voorkom.
- Pasiënte wat gelyktydig met medisyne behandel word wat 'n toename in die risiko van bloeding veroorsaak, asook in pasiënte met 'n neiging tot bloeding of diegene met predisponerende kondisies. Behandeling met **LENIO** kan bloeding van die vel en slymvliese veroorsaak.

Die medetoediening saam met respiridoon kan tot 'n toename in die toksisiteit daarvan lei (sien "**INTERAKSIES**").

Die gelyktydige gebruik van **LENIO** en alkohol word nie aanbeveel nie.

Hartkondisie:
Die toediening van **LENIO** aan pasiënte met 'n ernstige kardiovaskulêre afwyking soos (onstabiele) angina pectoris, swak gemoniteerde hartdekompensasie, ventrikulêre ritme-afwyking en akute miokardiese infarksie is nie bestudeer nie en moet daarom vermy word. As antidepressant-medikasie nietemin vir sulke pasiënte aangedui word, behoort **LENIO** met sorg toegedien te word.

Epilepsie:
LENIO behoort met sorg in pasiënte met epilepsie gebruik te word.

Stuipaanvalle:
Stuipaanvalle kan in pasiënte wat met **LENIO** behandel word, voorkom.
LENIO behoort in enige pasiënt wat stuipaanvalle ontwikkel, onttrek te word.

Elektrokonvulsiewe terapie (EKT):
Daar is 'n tekort aan kliniese ondervinding met die gelyktydige toediening van **LENIO** en elektrokonvulsiewe terapie (EKT).

Hiponatremie:
Hiponatremie, wat gewoonlik omkeerbaar is met die onttrekking van **LENIO**, kan hoofsaaklik in bejaardes voorkom.

Gloukoom:
LENIO kan midriase veroorsaak en behoort met sorg in pasiënte met geslotehoek gloukoom gebruik te word.

Effek op die vermoë om te bestuur en met masjinerie te werk
Pasiënte behoort gewaarsku te word oor hul vermoë om te bestuur en met masjinerie te werk.

INTERAKSIES:
Simetidien, inhibeerder van medisynemetabolisme, kan die biobeskikbaarheid van **LENIO** verhoog, terwyl fenitoïen, 'n medisyne metabolismeïnduseerder, dit kan verlaag.

Wanneer **LENIO** saam met 'n bekende medisyne metaboliseringsensiem-inhibeerder toegedien word, behoort oorweging geskenk te word aan die gebruik van dosisse teen die laer vlak van die reikwydte. Geen aanvanklike dosisaanpassing van **LENIO** is nodig wanneer dit saam met bekende medisyne metaboliseringsensieminduseerder toegedien word nie. Enige daaropvolgende dosisaanpassing behoort deur die kliniese effekte (verdraagsaamheid en effektiwiteit) gelei.

LENIO inhibeer die spesifieke lewersitochroom P450 isoënsiem CYP2D6 wat vir die metabolisme van debrisokien en sparteïen verantwoordelik is. Dit kan tot verhoogde plasmavlakke van medetoegediende medisyne lei wat deur hierdie isoënsiem gemetaboliseer word. Medisyne wat deur hierdie isoënsiem gemetaboliseer word sluit sekere trisikliese antidepressante (bv. nortriptilien, amitriptilien, imipramien en desipramien), fenotiasienneuroleptika (bv. perfenasien en tioridasien), risperidoon, Tipe 1c anti-arritmiese middels (bv. propafenoon) en metoprolol in.

Die medetoediening saam met risperidoon kan tot 'n toename in die toksisiteit daarvan lei.

Interaksies tussen **LENIO** en MAOIs (sien "**KONTRA-INDIKASIES**"), asook tussen **LENIO** en triptofaanmedikasie kan voorkom, wat tot 'n "serotoniensidroom" kan lei.

Die gelyktydige toediening van **LENIO** en litium behoort met sorg onderneem te word. Litiumvlakke behoort gemonitor te word.

Die medetoediening van **LENIO** en fenitoïen word met 'n afname in plasmakonsentrasies van paroksetien en 'n toename in newe effekte (diaree, afsydigheid, wanbalans, senuweeagtigheid, ataksie en vertigo) geassosieer. Geen aanvanklike dosisaanpassing van paroksetien word as nodig beskou wanneer hierdie middels saam toegedien word nie. Enige daaropvolgende aanpassings behoort deur die kliniese effek gelei te word.

Die medetoediening van **LENIO** saam met teenstuipmiddels kan met 'n toename in die insidens van newe effekte geassosieer word.

Die daaglikse toediening van **LENIO** kan die plasmavlakke van prosiklidien aansienlik verhoog; ander anticholinergiese medisyne kan op 'n soortgelyke manier geaffekteer word. As anticholinergiese effekte waargeneem word, behoort die dosis van prosiklidien verminder te word.

LENIO behoort met groot sorg in pasiënte wat antistolmiddels ontvang, toegedien te word (sien **"WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGSMAATREËLS**").

Die medetoediening van **LENIO** saam met warfarien kan tot 'n toename in bloeding in die teenwoordigheid van onveranderde protrombientye lei.

SWANGERSKAP EN LAKTASIE:
Die veiligheid van **LENIO** in swangerskap en laktasie is nie vasgestel nie.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS:
Daar word aanbeveel dat **LENIO** soggens saam met 'n maaltyd geneem word.
LENIO behoort eerder gesluk as gekou te word.

Depressie: 20 mg per dag. Hierdie dosis kan geleidelik, afhangende van die pasiënt se respons en indien nodig, geleidelik met 10 mg inkremente na 'n maksimum van 50 mg per dag verhoog word.

Paniekafwyking: Die aanbevole dosis is 40 mg per dag. Die aanvanklike begindosis is 10 mg per dag wat met 10 mg inkremente na 'n maksimum van 60 mg per dag verhoog kan word.

Die lae aanvanklike dosis word aanbeveel om die potensiële agteruitgang van panieksimptome tot 'n minimum te beperk wanneer behandeling met **LENIO** geïnisieer word.

Obsessiewe kompulsiewe afwyking: Die aanbevole dosis is 40 mg per dag. Die aanvanklike begindosis is 20 mg per dag wat met inkremente van 10 mg na 'n maksimum van 60 mg verhoog kan word.

Sosiale fobie: Die aanbevole dosis is 20 mg per dag. Die dosis kan geleidelik, wanneer nodig en gebaseer op die pasiënt se respons, met 10 mg inkremente na 'n maksimum van 60 verhoog word.

Kinders: Die veiligheid en effektiwiteit van **LENIO** in kinders jonger as 18 jaar oud is nie vasgestel nie. Vyandigheid, selfmoordidees en selfbesering kan met **LENIO** in kinders voorkom.

Bejaardes: Bejaarde indiwidue kan 'n toename in die plasmakonsentrasies met **LENIO** ondervind. Dosering behoort teen die volwasse begindosis te begin en kan dan geleidelik met 10 mg inkremente tot 40 mg per dag verhoog word.

Ingekorte lewer- en nierfunksie: 'n Toename in plasmakonsentrasies van **LENIO** kan in pasiënte met erg ingekorte nierfunksie (kreatieniensuiwering < 30 ml /min) of erg ingekorte lewerfunksie voorkom. Die dosis behoort daarom tot die onderste vlak van die dosisreikwydte beperk te word.

Pasiënte behoort vir 'n voldoende periode van tyd behandel te word om te verseker dat hulle simptoomvry is. Die kan etlike maande of langer duur.

Die skielike onttrekking van **LENIO** behoort vermy te word (sien" **NEWE EFFEKTE**").

NEWE EFFEKTE:
Definisie van frekwensies:
Selde (≥ 1/10 000, < 1/1 000)
Baie selde (< 1/10 000), insluitende geïsoleerde vermeldings
Baie dikwels (≥ 1/10)
Dikwels (≥ 1/100, < 1/10)
Soms (≥ 1/1 000, < 1/100)

Afwykings van die bloed- en limfsisteem:
Soms: Abnormale bloeding, hoofsaaklik van die vel en slymvliese (hoofsaaklik eggimose, maar ook in die maagdermkanaal, sentrale senuweestelsel en oog).

Endokriene afwykings:
Baie selde: Sindroom van ontoepaslike antidiuretiese hormoonsekresie (SODHS).

Psigiatriese afwykings:
Dikwels: Slaapsug, slaaploosheid
Soms: Verwardheid, hallusinasies.
Selde: Maniese reaksies.

Afwykings van die immuunstelsel:
Baie selde: Allergiese reaksies (insluitende urtikarie en angioëdeem).

Metaboliese en voedingsafwykings:
Dikwels: Verlies aan eetlus.
Selde: Hiponatremie.
(Hiponatremie wat hoofsaaklik in bejaarde pasiënte kan voorkom, is soms weens SODHS).

Afwykings van die senuweestelsel:
Dikwels: Duiseligheid, bewerasie.
Soms: Ekstrapiramidale afwykings.
Selde: Konvulsies.
Baie selde: Serotoniensindroom (simptome kan agitasie, verwardheid, diaforese, hallusinasies, hiperrefleksie, mioklonus, bewerasie, tagikardie en tremor insluit).
Ekstrapiramidale afwykings kan in pasiënte wat neuroleptiese medikasie gebruik, voorkom.

Algemene afwykings en kondisies by die plek van toediening:
Dikwels: Astenie.
Baie selde: Perifere edeem.

Oogafwykings:
Dikwels: Onduidelike gesig.
Baie selde: Akute gloukoom.

Respiratoriese, bors- en mediastinale afwykings:
Dikwels: Gaap.

Nier- en urienafwykings:
Soms: Urienretensie.

Reproduksiestelsel- en borsafwykings:
Baie dikwels: Seksuele disfunksie.
Selde: Hiperprolaktinemie / galaktoree.

Gastroïntestinale afwykings:
Baie dikwels: Naarheid.
Dikwels: Hardlywigheid, diaree, droë mond.

Hepatobileëre afwykings:
Selde: Verhogings van lewerensieme.
Baie selde: Lewerepisodes (soos hepatitis, soms geassosieer met geelsug en/of lewerversaking).
Verhoging van lewerensieme kan voorkom. Lewerepisodes, wat fataal kan wees (soos hepatitis, soms geassosieer met geelsug en/of lewerversaking) kan voorkom. Die onttrekking van **LENIO** behoort oorweeg te word as daar 'n verlengde verhoging van lewerfunksie toetsresultate is.

Afwyking van die vel en subkutane weefsel:
Dikwels: Sweet.
Soms: Veluitslag.
Baie selde: Fotosensitiwiteitsreaksies.

Simptome wat met onttrekking van LENIO behandeling waargeneem word:
Dikwels: Duiseligheid, sensoriese afwykings, slaapafwykings, angs, hoofpyn.
Soms: Agitasie, naarheid, bewerasie, verwardheid, sweet en diaree.
Die skielike staking van **LENIO** kan tot onttrekkingsimptome soos duiseligheid, sensoriese afwykings, (insluitende parestesie en elektriese skoksensasies), slaapafwykings, slaaploosheid, bewerasie, verwardheid, agitasie of angs, hoofpyn, senuweeagtigheide, vertigo, naarheid en sweet lei. Dit word daarom aanbeveel dat wanneer die behandeling met **LENIO** nie langer nodig is nie, die dosis geleidelik afgeskaal word (sien "**DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS**" en "**WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGSMAATREËLS**").

Kinders: Die veiligheid en effektiwiteit van **LENIO** in kinders jonger as 18 jaar is nie vasgestel nie. In kinders kan vyandigheid, selfmoordidees en selfbesering met **LENIO** voorkom.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN:
(Sien "**NEWE EFFEKTE**").

Simptome van oordosering:
Braking, pupille verwyd, koors, bloeddrukveranderinge, hoofpyn, onwillekeurige spiersametrekkings, agitasie, angs, tagikardie, koma en EKG-veranderinge.

Behandeling van oordosering:
Die behandeling is simptomaties en ondersteunend.
Daar is geen spesifieke teenmiddel nie. Om die absorpsie te verminder behoort die maag met maagspoeling of met induksie van emese, of beide geledig te word. Dit behoort gevolg te word met die toediening van 20 tot 30 g geaktiveerde koolstof elke 4 tot 6 ure gedurende die eerste 24 uur na inname. Gereelde monitering van lewenstekens en noukeurige waarneming word aanbeveel.

IDENTIFIKASIE:
LENIO 20 mg:
Wit tot byna-witgekleurde, filmbedekte gemodifiseerde kapsulevormige, bikonvekse tablette met '56' op die een kant gedruk en 'C' met 'n diep breeklyn aan die ander kant.

LENIO 30 mg:
Blou, filmbedekte gemodifiseerde kapsulevormige, bikonvekse tablette met 'F' op die een kant en '12' die ander kant gedruk.

AANBIEDING:
LENIO 20 mg / 30 mg:
Tablette word in 250 µm wit, ondeursigtige PVC film, gelamineer met 25 µm PE, bedek met 90 g/m² PVdc en 25 µm gedrukte aluminiumfoelie verpak. Elke stolpstrokie bevat 10 tablette.
Pakgroote: 30s: 3 stolpstrokies met 10 tablette elk.

BERGINGSINSTRUKSIES:
Bewaar by of benede 25 °C. Beskerm teen lig en vogtigheid. Moenie uit die buitenste karton verwyder tot voor gebruik nie.

HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

REGSITRASIENOMMER:
SUID-AFRIKA:
LENIO 20 mg: 42/1.2/0208
LENIO 30 mg: 42/1.2/0209

NAMIBIË:
LENIO 20 mg: 10/1.2/0263
LENIO 30 mg: 10/1.2/0264

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE:
AUROGEN SOUTH AFRICA (EDMS) BPK
Woodhill Kantoorpark, Gebou Nr. 1,
Eerste Vloer Phillip Engelbrechtlaan 53,
Meyersdal, Uitbr. 12, Johannesburg,1448,
Suid-Afrika

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN HIERDIE VOUBILJET:
Datum van registrasie:
2 Maart 2012

Datum van hersiening:
11 November 2022

DETACH BEFORE DISPENSING

SUID-AFRIKA: S5
NAMIBIË: NS3
LENIO 20 mg (tablet)
LENIO 30 mg (tablet)
Paroksetienhidrochloriedhemihidraat

Lees die hele brosjure sorgvuldig voordat u begin om LENIO te neem.
- Hou hierdie blaadjie. U mag dit moontlik weer wil lees.
- Indien u enige verdere vrae het, moet u asseblief u dokter of apteker raadpleeg.
- **LENIO** is vir u persoonlik voorgeskryf en u behoort nie u medisyne met ander mense deel nie. Dit mag hulle skade aandoen, ook al het hulle dieselfde simptome as u.

1. WAT LENIO BEVAT

Die aktiewe bestanddeel is paroksetien.

LENIO 20 mg:
Elke filmbedekte tablet bevat paroksetienhidrochloriedhemihidraat ekwivalent aan 20 mg paroksetien. Bevat suiker: 10 mg laktose.

LENIO 30 mg:
Elke filmbedekte tablet bevat paroksetienhidrochloriedhemihidraat ekwivalent aan 30 mg paroksetien. Bevat suiker: 15 mg laktose.

Die ander bestanddele van **LENIO** is anhidriese kalsiumhidrogeenfosfaat, kalsiumhidrogeenfosfaatdihidraat, magnesiumstearaat en natriumstyselglikolaat.

Die dekmateriaal van **LENIO 20 mg** bevat hipromellose, poliëtileenglikol 400, polisorbaat 80 en titaandioksied (C.I. Nr: 77891).

Die dekmateriaal van **LENIO 30 mg** bevat FD&C blou #2/indigokarmienaluminiumlakkleurstof (C.I. Nr.: 73015), hipromellose, poliëtileenglikol 400, polisorbaat 80 en titaandioksied (C.I. Nr: 77891).

2. WAARVOOR LENIO GEBRUIK WORD

LENIO behoort aan die klas medisyne wat selektiewe serotonienheropnameïnhibeerders (SSHIs) genoem word. Dit werk deur die hoeveelheid serotonien, 'n natuurlike substans in die brein wat help om geestelike balans te behou, te verhoog.

LENIO word gebruik om die volgende te behandel:
- Depressie.
- Obsessiewe kompulsiewe afwyking (kwellende gedagtes wat nie vermy kan nie en die behoefte om sekere aksies oor en oor uit te voer).
- Sosiale fobie (oormatige vrees vir interaksie met ander mense of van iets voor ander mense wat met die normale inmeng).
- Paniekafwyking (skielike, onverwagte aanvalle van oormatige vrees en kommer oor hierdie aanvalle).

3. VOORDAT U LENIO NEEM

Moenie LENIO neem:
- As u al ooit 'n allergiese reaksie teen paroksetien of enige van die ander bestanddele van **LENIO** getoon het.
- As u medisyne wat monoamienoksidaseïnhibeerders (MAOIs) genoem word, neem. U moet ten minste twee weke wag nadat u met MAOIs gestaak het voordat u kan begin om **LENIO** te neem.
  Nadat u **LENIO** gestaak het, moet u ten minste twee weke wag nadat u begin om 'n MAOI te neem.
- As u jonger as 18 jaar oud is.
- As u medisyne wat tioridasien genoem word, neem.

Neem spesiale sorg met LENIO:
- **LENIO** behoort nie in kinders en adolessente jonger as 18 jaar oud gebruik te word nie aangesien daar nie bewys is dat dit 'n effektiewe en veilige medisyne vir hierdie ouderdomsgroep is nie.
- U behoort te weet dat u geestesgesondheid op onverwagte maniere kan verander wanneer u **LENIO** of ander antidepressante neem. U kan gedagtes van selfmoord ontwikkel, veral aan die begin van u behandeling, as u enige van die volgende simptome ervaar. Dit kan tot verhoogde selfmoordgedagtes of -gedrag lei, veral as dit nuwe of erge simptome is. nuwe depressie of agteruitgang in u dokter onmiddellik kontak as u enige van die volgende simptome ervaar as dit nuwe of erge simptome is: nuwe depressie of agteruitgang in depressie, as u daaraan dink om uself skade aan te doen of aan selfmoord te doen of dink, of as u beplan of poog om selfmoord te pleeg. erge kommer, agitasie, paniekaanvalle, moeite om aan die slaap te raak, aggressiewe gedrag, geïrriteerdheid, vyandigheid, onbedagte aksies, erge rusteloosheid en opwinding (geestelike en/of fisiese hiperaktiwiteit).
- Wanneer u met die gebruik van **LENIO** staak, sal u dokter die dosis geleidelik verminder om die moontlikheid van onttrekkingsimptome te verminder.
- Die natriumvlakke in u bloed kan afneem, wat gewoonlik herstel wanneer die gebruik van **LENIO** gestaak word. Dit kom hoofsaaklik in bejaardes voor.
- As u medisyne wat risperidoon genoem word neem (sien "**Die neem van LENIO saam met ander medisyne saam met LENIO**").
- As u neuroleptiese of antipsigotiese medisyne neem (sien "**Die neem van ander medisyne saam met LENIO**").
- As u stuipaanvalle ontwikkel terwyl u **LENIO** neem, behoort die gebruik van **LENIO** gestaak te word.

Stel u dokter in kennis:
- As u tans of enige tyd in die verlede aan maniese episodes (ooraktiwiteit of gedagtes) ly of gely het.
- As u 'n geskiedenis van bloedingsafwykings het of as u medisyne neem wat u risiko vir bloeding kan verhoog.
- As u aan 'n hartsiekte ly.
- As u aan 'n lewer- of niersiekte ly.
- As u aan stuipaanvalle of epilepsie ly.
- As u elektrokonvulsiewe terapie (EKT) ontvang.
- As u aan gloukoom (verhoogde druk in die oog) ly.

Die neem van LENIO saam met voedsel en vloeistof:
- Neem u tablette saam met voedsel.
- Moenie alkohol drink terwyl u **LENIO** neem nie. Alkohol kan u siekte of die newe effekte vererger.

Swangerskap en borsvoeding:
- Stel u dokter in kennis as u swanger is of beplan om swanger te raak of as u borsvoed.
- Die veiligheid van **LENIO** tydens swangerskap en borsvoeding is nie bevestig nie. Sommige studies het egter aangedui dat paroksetien hartdefekte in u ongebore baba kan veroorsaak.

As u swanger is of u baba borsvoed, moet u asseblief u dokter, apteker of professionele gesondheidswerker vir advies nader voordat u **LENIO** neem.

Bestuur en die gebruik van masjinerie:
U behoort te weet dat **LENIO** u vermoë kan maak en u besluitneming en denke mag aantas. Moenie 'n motor bestuur of met masjinerie werk totdat u weet hoe hierdie medisyne u beïnvloed nie.

Die neem van ander medisyne saam met LENIO:
Sommige medisyne kan 'n interaksie met **LENIO** toon. Voordat u **LENIO** neem, moet u asseblief u dokter in kennis stel as u enige van die volgende medisyne neem:
- Simetidien, wat gebruik word in die behandeling van maagsere.
- Fenitoïen en ander antikonvulsiewe medisyne, wat vir stuipaanvalle en epilepsie gebruik word.
- Debrisokien.
- Sparteïen.
- Medisyne wat MAOIs genoem word, soos moklobemied.
- Ander antidepressante, insluitende triptofaan en trisikliese antidepressante soos nortriptilien, amitriptilien, imipramien en desipramien.
- 'n Neuroleptiese/anti-psigotiese middel wat tioridasien genoem word.
- **LENIO** neem as u risperidoon neem nie.
- Medisyne soos litiumsuksinaat, pethidien, tramadol, buprenorfien, nalbufien, pentasosien, dekstrometorfan (anti-psigotiese middels) wat gebruik word om pyn te behandel.
- Prosiklidien wat gebruik word om bewerasie, veral in Parkinson se siekte te verlig.
- Propafenoon en medisyne wat gebruik word om 'n ongereelde hartklop te behandel.
- Metoprolol, 'n betablokker wat gebruik word om hoë bloeddruk en hartprobleme te behandel.
- Warfarien of ander medisyne (antistolmiddels) wat gebruik word om bloedklonsels te verdun.

As u enige van hierdie middels gebruik, kan dit moontlik wees dat u nie **LENIO** kan gebruik nie of dat die dosis moontlik aangepas moet word, of u dokter kan besluit om u noukeurig vir nuwe effekte te monitor.

Stel altyd u dokter in kennis as u enige ander medisyne gebruik.
(Dit sluit komplementêre of tradisionele medisyne in).

4. HOE OM LENIO TE NEEM

Neem **LENIO** altyd presies soos deur u dokter voorgeskryf. Bevestig met u dokter of apteker as u onseker is. As u van mening is dat die effek van **LENIO** te sterk of te swak is, moet u u dokter of apteker raadpleeg.
- Neem hierdie medisyne slegs soos deur u dokter voorgeskryf.
- Moenie meer of minder neem of meer gereeld neem as wat u dokter voorgeskryf het nie.
- Neem u tablette soggens saam met voedsel.
- Sluk hulle met 'n bietjie water in.
- Moenie kou nie.
- U dokter sal u aanraai watter dosis om te neem wanneer u begin om **LENIO** te neem. As u nie begin beter voel nie, kan u dokter besluit om die dosis geleidelik te verhoog, 10 mg op 'n keer, tot op 'n maksimum daaglikse dosis.

Die normale dosisse vir die verskillende kondisies is:
- Depressie:
  - Die begindosis is 20 mg/daagliks. Indien nodig, kan u dokter die dosis geleidelik verhoog tot 'n maksimum daaglikse dosis van 50 mg.
- Paniekafwyking (paniekaanvalle):
  Die begindosis is 10 mg/daagliks. Die aanbevole daaglikse dosis is 40 mg. Die maksimum daaglikse dosis is 60 mg.
- Obsessiewe Kompulsiewe Afwyking (obsessie en kompulsies):
  Die begindosis is 20 mg/daagliks. Die aanbevole daaglikse dosis is 40 mg. Die maksimum daaglikse dosis is 60 mg.
- Sosiale fobie (vrees vir of vermyding van sosiale situasies):
  Die aanbevole dosis is 20 mg/daagliks. Indien nodig kan u dokter die dosis geleidelik tot 'n maksimum van 60 mg/daagliks verhoog.

U dokter sal u raad gee oor die daaglikse dosis wat u moet neem.
Kinders – **LENIO** behoort nie in kinders jonger as 18 jaar oud gebruik te word nie. In kinders kan vyandigheid, selfmoordgedagtes en selfbesering met die gebruik van **LENIO** voorkom.
Ouer mense – Die maksimum daaglikse dosis in bejaardes is 40 mg.
Pasiënte met lewer- of niersiekte – As u aan 'n lewer- of niersiekte ly, kan u dokter besluit om u dosis na minder as normaal te verminder.
U dokter sal u in kennis stel oor die tydperk wat u die tablette moet neem. Dit kan vir etlike maande of langer wees.
Moenie die gebruik van **LENIO** staak sonder om u dokter te raadpleeg nie (sien **"Neem spesiale sorg met LENIO")**.

As u te veel LENIO geneem het:
- Kry onmiddellik mediese noodhulp as u dink dat u te veel van hierdie medisyne geneem het.
- Die simptome van oordosering kan braking, vergrootte pupille, koors, veranderinge in bloeddruk, hoofpyn, skielike onbeheerbare spierrukkings, agitasie, angs, toename in harttempo en koma insluit.

In die geval van oordosering, raadpleeg u dokter of apteker. As hulle nie beskikbaar is nie, kontak u naaste hospitaal of giftheersentrum.

As u vergeet het om LENIO te neem:
Neem die oorgeslaande dosis sodra u daarvan onthou. As dit egter byna tyd vir die volgende dosis is, moet u nie die oorgeslaande dosis neem nie en na die gereelde skedule terugkeer. Moenie die dosis verdubbel om vir die oorgeslaande dosis op te maak nie.

Die effekte wanneer behandeling met LENIO gestaak word:
U mag die volgende onttrekkingsimptome toon nadat u met die gebruik van **LENIO** gestaak het:
- Agitasie; spelte en naalde, elektriese skoksensasies; slaapafwykings; slaaploosheid, angs, verwardheid; naarheid; sweet; hoofpyn; diaree; bewerasie; senuweeagtigheid; fisiese onstabiliteit. Moenie die gebruik van hierdie medisyne skielik staak sonder om eers u dokter te raadpleeg nie.

Stel u dokter in kennis oor enige kommer wat u het terwyl u met die gebruik van **LENIO** ophou.

5. MOONTLIKE NEWE EFFEKTE

LENIO kan newe effekte hê.
Kry onmiddellik mediese noodhulp as u enige van hierdie tekens van 'n allergiese reaksie toon:
- Urtikarie (rooi en knopperige veluitslag).
- Moeilte met asemhaling.
- Swelling van u gesig, lippe, tong of keel.

Raadpleeg onmiddellik u dokter as u enige van die volgende ernstige newe effekte ondervind:
- Stuipaanvalle (konvulsies).
- Abnormale kneusing of bloeding.
- Manie (geestelike en/of fisiese hiperaktiwiteit).
- As u rusteloos voel en u kan nie lank stil sit of staan nie.
- Spierstyfheid of –rukkings, onbeheerbare bewerasie van 'n deel van die liggaam.

Ander moontlike newe effekte is:
- Vloeistof- of vateretensie, slaapsug, onvermoë om te slaap, verwardheid, hallusinasies (vreemde visie of geluide), verlies aan eetlus, duiseligheid, swakheid, swelling van die hande en voete weens vloeistofretensie, onduidelike gesig, gaap, onvermoë om te urineer (urineretensie), verandering in seksdrang of seksuele funksionering, abnormale produksie van borsmelk, naarheid, hardlywigheid, diaree, droë mond, sweet, sensitiwiteit teen sonlig, veluitslag, lewereffekte wat in bloedtoetse vir lewerfunksie onthul word, lewerprobleme wat veroorsaak dat die vel of wit van die oë geel verkleur.

Stel u dokter so gou as moontlik in kennis as enige van die bogenoemde newe effekte erg of kwelend is, as hulle nie verdwyn nie of as u enige besorgdheid het terwyl u **LENIO** neem.

Nie al die newe effekte wat vir **LENIO** aangemeld is, word in hierdie brosjure ingesluit nie. As u algemene gesondheid agteruitgaan of as u enige ongewone effekte ondervind terwyl u **LENIO** neem, moet u asseblief u dokter, apteker of ander professionele gesondheidswerker om advies raadpleeg.

6. OPBERGING EN WEGDOEN VAN LENIO

Berg alle medisyne buite bereik van kinders.
Bewaar by of benede 25°C (kamertemperatuur). Beskerm teen lig en vogtigheid.
Moenie uit die buitenste karton verwyder tot voor gebruik nie.

Neem alle ongebruikte medisyne na u apteker terug.
Moenie enige ongebruikte medisyne in die drein of riolering (bv. toilette) weggooi nie.

7. AANBIEDING VAN LENIO

LENIO 20 mg/ 30 mg:
Tablette word in 250 µm wit, ondeursigtige PVC film, gelamineer met 25 µm PE bedek met 90 g/m² PVdc en 25 µm gedrukte aluminiumfoelie verpak. Elke stolpstrokie bevat 10 tablette.
Pakgrootte: 30s: 3 stolpstrokies met 10 tablette elk.

8. IDENTIFIKASIE VAN LENIO

LENIO 20 mg:
Wit tot byna wit filmbedekte gemodifiseerde, kapsulevormige, bikonvekse tablette met '56' op die een kant en 'C' met 'n diep breeklyn aan die ander kant gedruk.

LENIO 30 mg:
Blougekleurde filmbedekte gemodifiseerde, kapsulevormige, bikonvekse tablette met 'F' op die een kant en '12' aan die ander kant met 'C' daarop gedruk.

9. REGISTRASIENOMMER / VERWYSINGSNOMMER

SUID-AFRIKA:
LENIO 20 mg: 42/1.2/0208
LENIO 30 mg: 42/1.2/0209

NAMIBIË:
LENIO 20 mg: 10/1.2/0263
LENIO 30 mg: 10/1.2/0264

10. NAAM EN ADRES VAN DIE REGISTRASIEHOUER

AUROGEN SOUTH AFRICA (EDMS) BPK
Woodhill Kantoorpark, Gebou Nr. 1,
Eerste Vloer Phillip Engelbrechtlaan 53,
Meyersdal, Uitbr. 12, Johannesburg,1448,
Suid-Afrika

11. DATUM VAN PUBLIKASIE

Datum van registrasie:
2 Maart 2012

Datum van hersiening:
11 November 2022

■ Black

A/s: 360 x 460 mm Booklet Size: 40 x 60 mm

AUROBINDO Packaging Development		Product Name	Component	Item Code	Date & Time
		LENIO	Leaflet	P1532543	29.11.2022 & 05.00 pm
		Country	Version No.	Reason Of Issue	Reviewed / Approved by
		South Africa	02	Commercial	
Team Leader	Kiran Kumar	Dimensions (mm)	Colours		
Initiator	Bhogi	A/s 360 x 460 mm	No Of Colours: 01		
Artist	Sree Designers	Pharma Code: 32543	32543		
Additional Information: Supersedes: P1513203					

SCHEDULING STATUS

SOUTH AFRICA: S5

NAMIBIA: NS3

PROPRIETARY NAME (and dosage form):
LENIO 20 mg (tablet)
LENIO 30 mg (tablet)

COMPOSITION:
LENIO 20 mg:
Each film-coated tablet contains paroxetine hydrochloride hemihydrate equivalent to 20 mg paroxetine. Contains sugar: 10 mg lactose.

LENIO 30 mg:
Each film-coated tablet contains paroxetine hydrochloride hemihydrate equivalent to 30 mg paroxetine. Contains sugar: 15 mg lactose.

The other ingredients contained in **LENIO** are calcium hydrogen phosphate anhydrous, calcium hydrogen phosphate dihydrate, magnesium stearate and sodium starch glycolate.

The coating material for **LENIO 20 mg** contains hypromellose, polyethylene glycol 400, polysorbate 80 and titanium dioxide (C.I. No: 77891).

The coating material for **LENIO 30 mg** contains FD&C blue # 2/indigo carmine aluminium lake (C.I. No: 73015), hypromellose, polyethylene glycol 400, polysorbate 80 and titanium dioxide (C.I. No: 77891).

PHARMACOLOGICAL CLASSIFICATION:
A 1.2 Psychoanaleptics (Antidepressants)

PHARMACOLOGICAL ACTION:
